**Saterdag 10 Maart**

| **Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:1-7** | **Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:7** |
|---|---|

# Hou aan om die regte dinge te doen, al kry julle swaar!

Getroudes kan soms ’n vreemdelingskap beleef, omdat een huweliksmaat ongelowig is. Daar is hoop vir so ’n huwelik. Jy is tog deel van die uitverkore volk van God, uit die duis-ternis geroep na sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).

Christene se gesonde huwelikslewe was ’n groot rede vir die fenomenale groei van die kerk tot 300 nC. Ongelowiges wou graag met gelowiges trou! In ’n hooplose wêreld, met baie gebroke of vreugdelose huwelike, kan die 1 Petrus 3-huwelik weer nuwe hoop gee. Daar kan lig uit jou huwelik straal, wanneer jy as Christenman of –vrou hierdie pad volg!

Petrus skryf aan gelowiges wat lyding deurgemaak het, sleg behandel is, nie geëer is nie. Hy bemoedig hulle op ’n unieke manier: Hou aan om die regte dinge te doen, al kry julle swaar! Dit hoor die getroude vroue ook – veral hulle wat met ongelowige mans ge-troud was. Die mans was letterlik “ongehoorsaam aan die woord”. Hulle het die evangelie verwerp en ook bespot. Wees selfs aan daardie mans onderdanig.

Maar hoe? Moenie slegte behandeling met aggressie beantwoord nie. Sonder om ’n woord te sê, kan jy deur jou Godvresendheid en jou voorbeeldigheid jou man vir Christus wen. Pleks van uiterlike versiering, moes ’n innerlike skoonheid uitstraal. Haar andersheid as Christen lê in haar beskeidenheid en kalmte van gees.

Die getroude mans hoor ook: Hou aan goed doen! Jou vrou het deel aan die lewe – uit genade, nes jy! Tree wys op, eer haar as vrou. Seën wag dan op jou gebedslewe.

*Sing: Psalm 45:9, 10 (1936)*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*